

4 AUGUSTUS

SKRIFGEDEELTE: HANDELINGE 20:17-38
FOKUSGEDEELTE: HANDELINGE 20:36

God druk sy stempel af

Wanneer twee voorwerpe of objekte teen mekaar druk of skuur, is die gevolg dat iets van een afgegee word aan die ander. Wanneer Paulus sy afskeidstoespraak lewer voor die ouderlinge van Efese, waarsku hy hulle daarteen dat die wêreld nie sy stempel op die kerk moet afdruk nie, ten spyte van gedurige noue kontak. Om dit te verhoed, moet die mens nie naby aan die wêreld leef nie, maar naby aan God en sy Woord. Op eie stoom is dit nie haalbaar nie en Paulus besef dit alte goed. Daarom sluit hy sy toespraak af deur saam met die ouderlinge te kniel en te bid. In hierdie nederige gebedshouding sien ons as 't ware die kerk van Christus op sy knieë. Die kerk op sy knieë is nie beeld van 'n verslane kerk nie, maar van 'n strydende, en in Christus reeds 'n oorwinnende kerk. Midde in 'n wêreld wat vreemd is vir die kerk, kan die kerk sy krag vind in God Almagtig. Die kerk van Christus moet altyd 'n biddende kerk wees; 'n kerk wat nie voor die wêreld kniel nie, maar voor die majesteit van God alleen. Deur gebed kan ons tot God nader en naby aan Hom lewe. Christus het immers vir ons aan die kruishout die weg gebaan tot ons Vader in die hemel. Alleen deur naby aan God te leef, kan die kerk sy stempel op die wêreld afdruk, en is dit eintlik God wat deur sy kerk sy stempel op die wêreld afdruk.

Sing: Skrifberyming 14-2:1

Dr Sarel van der Walt (Benoni-Noord/Noord-Oosrand)